

kry die entstof

om jouself te beskerm teen ernstige siekte, hospitalisasie of selfs die dood weens Covid-19.

Entstowwe is deeglik getoets – internasionaal en plaaslik – om te bewys dat dit veilig en doeltreffend is. As jy 60 of ouer is, registreer om die entstof te kry deur hierdie vinnige en maklike stappe te volg:

- 1 Besoek [westerncape.gov.za](https://www.westerncape.gov.za) en klik op die skakel om te registreer.
- 2 Voer jou basiese besonderhede, soos jou ID- of paspoortnommer, in.
- 3 Voorsien 'n selffoonnommer waarna bevestiging van jou registrasie en toekomstige besprekingsbesonderhede ge-SMS kan word.
- 4 Dui aan waar en wanneer jy ingeënt wil word.
- 5 Voorsien jou mediese fondsbesonderhede, indien jy een het – dit maak nie saak as jy nie een het nie.
- 6 Maak seker dat al jou besonderhede korrek is en dien in. Die stelsel sal vir jou 'n SMS stuur om jou registrasie te bevestig. Wanneer dit jou beurt is, sal jy 'n tweede SMS met die tyd en plek van jou afspraak ontvang. Jy sal die SMS en jou identiteitsdokument by die inentingsperseel moet wys.
- 7 Indien jy 'n dubbeldosis-entstof, soos die Pfizer-entstof, ontvang, sal jy 'n datum vir 'n opvolgafspraak kry.

As jy sukkel om te registreer of nie internet het nie, vra 'n familielid, 'n vriend of 'n persoon in jou gemeenskap wat jy vertrou om jou te help.



Wes-Kaapse
Regering

Stuur die woord '**REGISTREER**' na **0600 123 456** op WhatsApp of skakel ***134*832#**. Vir hulp om te registreer, skakel **0860 142 142** of besoek www.westerncape.gov.za